Die Grondwet van die Genootskap van Vryburgers van Suid-Afrika

Afdelings:

1. Naam
2. Grondslag
3. Woordomskrywings
4. Doelstellings
5. Burgerraad
6. Dagbestuur
7. Finansies
8. Embleme
9. Beskermheer
10. Affiliasie
11. Beëindiging van Lidmaatskap
12. Gebruik van die Sens
13. Huishoudelike Reglement
14. Voorstellingsprosedure en Vlakke van Lidmaatskap
15. Wysiging van Grondwet
16. Onafhanklike Bestaan
17. Aanwending van Inkomste
18. Ontbinding
19. Ondertekening

---

1. NAAM.

Genootskap van Vryburger Diensorganisasie van Suid-Afrika

2. GRONDSLAG.

Die Vryburgers berus op ‘n Christelike Grondslag en is nie-polities.

3. WOORDOMSKRYWINGS.

3.1	Vryburgers	Alle geaffilieerde korpse.
3.2	Die President	Voorsitter van die Vryburgers wat ook tydens die Burgerraad en Dagbestuurvergadering as voorsitter optree.
3.3	Die Vise-President	Adjunk-Voorsitter van die Vryburgers.
3.4	Die Nasionale Skrywer	Sekretaris van die Vryburgers.
3.5	Die Rentmeester	Tesourier van die Vryburgers.
3.6	Die Vaandrig	Lid belas met koördinering van nasionale projekte, algemene orde, nasionale fokus en streekverteenwoordigers.
3.7	Die Nasionale Basuin	Lid belas met bemarking en openbare beeldbou.
3.8	Die Dagbestuur	President, Vise-President, Nasionale Skrywer, - Rentmeester, - Vaandrig, - Webmeester en Nasionale Basuin.

3.9	Die Burgerraad	Alle afgevaardigdes van die geaffilieerde Korpse of ‘n vergadering of buitengewone vergadering van afgevaardigdes van Vyburgerkorpse.
3.10	Korps	‘n Vryburgerkorps waarvan die reglement en wysigings goedgekeur is deur die Dagbestuur van die Vryburgers welke korps behoorlik geaffilieer is.
3.11	Streek	‘n Indeling van korpse in ‘n bepaalde geografiese gebied waarvan die grense van tyd tot tyd deur die Burgerraad vasgestel word.
3.12	Vryburger	‘n Lid van ‘n korps met ‘n Christelike beskouing welke korps geaffilieer is aan die Vryburger Diensorganisasie van Suid-Afrika.
3.13	Finansiële jaar	Strek vanaf begin Maart tot einde Februarie.
3.14	Skriftelik	Elektroniese kommunikasie sal ook as skriftelik aanvaar word.

4. DOELSTELLINGS.

Die Doelstelling van die Vryburgers is:

4.1 Om die Suid-Afrikaanse gemeenskap te dien;

4.2 Om die Afrikaanse Kultuur en Tradisies te erken, uit te leef en op alle terreine te bevorder.

5. BURGERRAAD.

5.1 Gewone Jaarlikse Burgerraad.

Minstens een Burgerraad moet jaarliks plaasvind op ‘n datum en plek deur die Dagbestuur bepaal, welke datum nie later sal wees as drie maande na die sluiting van die vorige finansiële jaar nie.

5.2 Kennisgewing van Burgerraad.

5.2.1 ’n Kennisgewing van die Burgerraad moet minstens 2 maande voor die bepaalde sitting aan alle korpse gestuur word.

5.2.2 ‘n Sakelys van die voorgenome sitting moet ten minste een maand voor die bepaalde sitting aan alle korpse gestuur word.

5.3 Buitengewone Burgerraad.

Die Dagbestuur kan by wyse van ‘n twee derde meerderheid van Dagbestuurlede, selfs of op versoek van enige korps ‘n Burgerraadsitting binne 1 maand belê. Kennisgewing van die sitting waarin die doel van die sitting uiteengesit word, moet ten minste een maand vooraf aan alle korpse gestuur word.

5.4 Bywoning, Verteenwoordiging en Stemreg op Burgerraad.

5.4.1 Alle Vryburgers en Veteraan Vryburgers kan ‘n sitting bywoon en daaraan deelneem, maar slegs afgevaardigdes en stemgeregtigde Dagbestuurlede is geregtig om te stem. In die geval van ‘n stemgeregtigde Dagbestuurlid wat ook ‘n afgevaardigde is, het hy steeds slegs een stem.

5.4.2 Elke korps benoem twee afgevaardigdes wat elk een stem het.

5.4.3 ‘n Meerderheidstem is beslissend tot enige besluit behalwe by die verkiesing van ‘n persoon tot ‘n amp op die Dagbestuur in welke geval sodanige verkiesing met ‘n volstrekte meerderheid moet geskied.

5.4.4 By staking van stemme sal die President ‘n beslissende stem hê.

5.5 Kworum vir Burgerraad.

Een derde van alle korpse moet teenwoordig wees ten einde ‘n kworum te vorm.

5.6 Beskrywingspunte.

Alle beskrywingspunte vir die Burgerraad moet skriftelik by die Nasionale Skrywer ingedien word minstens ses weke voor die sitting. Verdere beskrywingspunte mag slegs met goedkeuring van die Burgerraad tydens die Burgerraadsitting bygevoeg word.

5.7 Sake by die Burgerraad.

Op elke Burgerraad van die Vryburgers moet minstens die volgende sake hanteer word:

5.7.1 Voorlegging en goedkeuring van die notule van die jongste jaarlikse Burgerraad en moontlike ander spesiale Burgerrade.

5.7.2 Voorlegging en goedkeuring van die finansiële geouditeerde verslag van die Genootskap van Vryburgers.

5.7.3 Verslag van die President.

5.7.4 Voorgestelde beskrywingspunte.

5.7.5 Aanwysing van ouditeure.

5.8 Verpligte Verslae van Korpse.

5.8.1 Die indiening van 'n Finansiële Verslag (wat kompilasiestate opgestel deur ‘n rekeningkundige beampte insluit), Stuurmansverslag en Jaarverslag volgens die formaat soos voorgeskryf deur Dagbestuur, minstens een maand voor 'n bepaalde sitting van die Burgerraad is verpligtend.

6. DIE DAGBESTUUR.

6.1 Samestelling.

6.1.1 Die Dagbestuur bestaan uit :

Die President

Die Vise-President

Die Nasionale Skrywer

Die Rentmeester

Die Vaandrig

Die Nasionale Basuin

Die Nasionale Webmeester

6.1.2 Die President sowel as die Vise-President, Vaandrig en Basuin sal vir ‘n termyn van twee jaar verkies word, en mag nie lede van dieselfde korps wees nie.

6.1.3 Hulle mag nie langer as 3 termyne agtereenvolgens in dieselfde pos dien nie.

6.2 Verkiesing en aanwysing van Dagbestuurlede.

6.2.1 Verkiesing:

Tydens elke jaarlikse Burgerraadsitting word dagbestuurslede deur alle stemgeregtigdes op die Burgerraad per geslote stem met ‘n meerderheidstem verkies. Ter wille van kontiniuteit sal die termyne van die die President en Vise President oorvleuel met die van die Vaandrig en die Nasionale Basuin.

Nominasies vir die verkiesing van die ampte word per nominasiebrief voorgelê en die ampte word afsonderlik hanteer soos in die volgorde hierbo vermeld.

‘n Skriftelike nominasie in terme van hierdie subklousule moet ‘n amp waarvoor ‘n persoon genomineer word aandui en moet die handtekening en naam in drukskrif van ‘n voorsteller en ‘n sekondant bevat sowel as die handtekening van die genomineerde.

Indien die President gedurende sy termyn om welke rede ookal uit sy amp ontslaan word of bedank, sal die Vise-President sy amp oorneem vir die onverstreke termyn daarvan .‘n Nuwe Vise-President sal by die eersvolgende Burgerraad gekies word vir die onverstreke termyn van die Vise-President, indien nodig. Die Dagbestuur sal geregtig wees om ’n Vryburger as Vise-President te koöpteer tot die eersvolgende Burgerraad. Indien die Vise-President, Vaandrig of Basuin gedurende sy termyn om welke rede ookal uit sy amp ontslaan word of bedank, sal die Dagbestuur soortgelyk geregtig wees om tot die eersvolgende Burgerraad ‘n Vryburger in die amp te koöpteer en sal daar op die eersvolgende Burgerraad ‘n nuwe persoon in die amp verkies word vir die onverstreke termyn daarvan, indien nodig.

6.2.2 Aanwysing:

Tydens elke twee jaarlikse Burgerraad wys elke streek een lid uit sy streek aan as Streekverteenwoordiger. Sy pligte sal deur die Burgerraad aangewys word.

6.2.3 Elke President wys so spoedig moontlik na sy verkiesing ‘n Nasionale Skrywer en -Rentmeester aan en is gemagtig om ‘n vakature te vul.

6.2.4 Die Nasionale Webmeester word deur Dagbestuur aangewys.

6.2.5 Dagbestuur het die mag om nog lede op Dagbestuur te koöpteer vir spesifieke take en/of termyne.

6.3 Funksies van die Dagbestuur.

6.3.1 Die Dagbestuur moet alle werksaamhede van die korpse koördineer , beheer en bevorder met behoud van die outonomie van elke korps.

6.3.2 Die Dagbestuur moet in samewerking met bestaande korpse die stigting van nuwe korpse en die affiliering daarvan by die Vryburgers bewerkstellig.

6.3.3 Die Dagbestuur is verantwoordelik vir die administrasie van die Vryburgers se fondse wat jaarliks aan ouditering onderworpe is.

6.3.4 Die Vaandrig tree op as koördineerder van die Streeksverteenwoordigers.

6.3.5 Die Dagbestuur is verder verantwoordelik vir alle take aan hulle opgelê of gedelegeer deur die Burgerraad.

6.4 Kworum.

Die kworum van enige vergadering van die Dagbestuur sal ten minste een helfte van die stemgeregtigde lede van die bestuur uitmaak.

6.5 Stemreg.

Die meerderheidstem is beslissend tot enige besluit en by staking van stemme sal die President ‘n beslissende stem hê.

7. FINANSIES.

7.1 Alle gelde betaalbaar aan die Vryburgers deur lede en korpse asook tydperke waarbinne dit betaalbaar is, sal deur die Burgerraad bepaal word.

7.2 Alle gelde wat ontvang word, word in ‘n bankrekening gehou in die naam van die Vryburgers.

7.3 Alle betalings wat deur die Vryburgers gemaak word, moet per tjek of elektronies geskied. Tekenmagte sal van tyd tot tyd deur die Dagbestuur bepaal word.

8. EMBLEEM.

Die gebruik van ‘n Vryburgerembleem mag slegs geskied soos van tyd tot tyd deur die Dagbestuur of die Burgerraad goedgekeur.

9. BESKERMHEER.

Die Burgerraad sal tweejaarliks ‘n beskermheer benoem.

10. AFFILIASIE.

Enige konsulentkorps wat verlang om ‘n Vryburgerkorps tot stand te bring, moet skriftelik by die Dagbestuur om affiliasie aansoek doen.
Die Dagbestuur kan na gelang van die omstandighede die aansoek behoorlik ondersoek en is gemagtig om opdrag te gee aan enige korps in hierdie verband.
Die Dagbestuur kan die aansoek om affiliasie goedkeur of afkeur sonder opgaaf van redes.
Stigting moet geskied soos bepaal in die stigtingsprosedures soos van tyd tot tyd deur die Dagbestuur neergelê.

11. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP.

11.1 Lidmaatskap mag beëindig word sodra ‘n korps:

i) Ingevolge ‘n besluit van die Burgerraad ophou om die grondslag van die Vryburgers te aanvaar of die doelstellings daarvan te onderskryf, uit te leef en te bevorder.
ii) Indien die korps versuim om korpsjaargelde te betaal.
iii) Bedank uit die Vryburgers.
iv) Ontbind.

11.2 Bates by Lidmaatskapbeëndiging van ‘n korps:

Alle bates van ‘n korps waarvan lidmaatskap beeindig is, word op datum van beëindiging van lidmaatskap na die Dagbestuur van die Vryburgers oorgedra en deur die Rentmeester gevorder indien moontlik.

12. GEBRUIK VAN DIE SENS.

'n Korps moet minstens een jaar funksioneer voordat die sens gebruik word deur 'n korps.

13. HUISHOUDELIKE REGLEMENT.

Elke korps sal sy eie reëls en regulasies uitvaardig wat nie strydig mag wees met hierdie Grondwet of met besluite van die Burgerraad of die Dagbestuur nie.

14. VOORSTELLINGSPROSEDURE EN VLAKKE VAN LIDMAATSKAP VIR KORPSLEDE.

Ledesake word binne korpse deur die Inkomende Stuurman fasiliteer en bestuur.

14.1 Waarskynlike applikant (WA):

Alvorens 'n voorsteller 'n WA as voornemende lid vir die Vryburgerkorps kan voorstel moet hy aan die volgende voldoen:

- Geregistreer wees as lid van die Vryburgers van Suid-Afrika.
- Ledegeld moet ten volle betaal wees.
- Een volle jaar lid wees van die korps.
- 80 % vergadering bywoning vir die jaar.

Indien die WA aanvaar word is dit die voorsteller en sekondant se plig:

- Om gesamentlik die WA te nader en te werf vir die Vryburgers.
- Toe te sien dat die WA die volgende drie vergaderings bywoon en tuis voel by die Vryburgers.
- Toe te sien dat die WA inskakel by alle korps aktiwiteite.

Voorstellingsprosedure:

Ten einde die Vryburgers en die lid wat voorgetel word te beskerm word hierdie prosedure vertroulik hanteer.

1. Eerste vergadering: Die voorsteller hou die WA se naam informeel voor en gee 'n kort mondelingse beskrywing van die persoon. Die korps neem kennis en notuleer die voorsteller se naam. Lede van die korps het een kalendermaand om die WA konfidensieel te monitor en besware met die voorsteller uit te klaar. Indien daar enige besware teen die WA is dien die beswaarmaker dit skriftelik in by die Inkomende stuurman wat dit met die voorsteller sal opneem.
2. Tweede vergadering: Die voorsteller hou 'n WA aansoekvorm aan die korps voor waarin die voornemende lid, sy gesin, beroep, geloof en betrokkenheid in die gemeenskap volledig omskryf word. Lede het die geleentheid om die WA te bespreek. Indien daar enige besware teen die WA is fasiliteer die Inkomende stuurman die proses tussen die voorsteller en die beswaarmaker. Indien suksesvol teken die sekondant die vorm af. Die vorm word ingedien by die skrywer. Die lede teenwoordig stem per geslote stembrief vir die WA.
3. Derde vergadering: Die WA word die voorafgaande maand deur die voorsteller en sekondant ingelig oor die Vryburgers en genooi na die kajuitraadsvergadering.

   Indien die WA voornemende lidmaatskap aanvaar gaan lidmaatskap oor van Waarskynlike Applikant (WA) na Aspirant Vryburger (AV). Dit is belangrik om te besef dat die lid nie meer afgekeur kan word nie en dat die AV nou die keuse kan uitoefen of hy lid van die Vryburgers van Suid-Afrika wil word.

14.2 Aspirant Vryburger (AV):

Prosedure:

- Die voorsteller en sekondant nooi die AV na die volgende kajuitraadsvergadering.
- Die stuurman heet die AV welkom by die kajuitraadsvergadering as gas.
- Die stuurman wys die AV daarop dat:
  - Die AV drie vergaderings het om te besluit of hy as lid van die Vryburgers van Suid-Afrika wil aansluit.
  - Die AV kan te enige tyd tydens die 3 vergaderings aandui dat lidmaatskap aanvaar word dat hy/sy die grondwet van die Vryburgers van Suid-Afrika onderskryf en as aktiewe lid wil aansluit.
  - Indien die AV besluit om nie lidmaatskap te aanvaar nie trek die voorsteller die voorstel terug en die AV kan vir een jaar nie weer deur 'n lid voorgehou word as WA nie. Die AV het egter die opsie om as 'n Vriend van die Vryburgers te affilieer by die korps.
  - Indien die AV lidmaatskap aanvaar word die voorstellingsvorm deur die AV en twee getuies onderteken.

Voorregte van die Aspirant Vryburger:

- Woon drie korps vergaderings by.
- Neem aktief aan korps aangeleenthede deel.

Die AV het geen stemreg nie.

Lidmaatskap gaan nou oor van Aspirant Vryburger tot Volwaardige Lid.

14.3 Volwaardige lid (VL):

Voorregte en pligte van ‘n VL:

1. Woon minimum 80 % van kajuitraad vergaderings. Indien die VL nie ‘n vergadering kan bywoon nie moet verskoning gemaak word by die Inkomende Stuurman.
2. Neem aktief deel aan projekte van die korps.
3. Fasiliteer projekte soos deur die bestuur versoek.
4. Na een jaar voltooide lidmaatskap mag:
   a. die VL waarskynlike applikante voorstel. Die VL moet 2 aktiewe lede werf tydens hierdie vlak van lidmaatskap.
   b. verkies word op die bestuur van die korps.
   c. verkies word op nasionale bestuur.
   d. stem op vergaderings.
   4. Die VL mag slegs sy voorregte gebruik indien:
   a. Lidmaatskapgelde tot op datum betaal aan die korps.
   b. Affiliasie gelde betaal is aan die Vryburgers van Suid-Afrika.
   c. Die VL die grondwet van die Vryburgers van Suid-Afrika onderskryf.
   d. Verpligtinge nougeset nagekom word.

Na vyf jaar het die volwaardige lid (VL) die opsie om skriftelik aansoek te doen om Veteraan Vryburger (VV) lidmaatskap vir oorweging deur die korps of die korps kan aan die VL ‘n skrywe rig dat die lid as Veteraan Vryburger aangewys word.

14.4 Veteraan Vryburger (VV):

Voorregte en pligte van ‘n VV:

1. Het dieselfde voorregte as die volwaardige lid.
2. Woon minimum 3 kajuitraad vergaderings by per jaar by. Indien die VV nie ‘n vergadering bywoon nie moet verskoning gemaak word by die Inkomende Stuurman.
3. Neem aktief deel aan een groot projek van die korps.
4. Ondersteun projekte van die korps.
5. Fasiliteer projekte indien verkies.
6. Die VV mag:
   a. aktief lede werf.
   b. verkies word op die bestuur van die korps.
   c. verkies word op nasionale bestuur.
   d. stem op vergaderings.
   7. Die VV mag slegs sy voorregte gebruik indien:
   a. Lidmaatskapgelde tot op datum betaal is aan die korps.
   b. Affiliasie gelde betaal is aan die Vryburgers van Suid-Afrika.
   c. Die VV die grondwet van die Vryburgers van Suid-Afrika onderskryf.
   d. Verpligtinge nougeset nagekom word.

Na twee jaar het die Veteraan Vryburger (VV) die opsie om skriftelik aansoek te doen vir Rustende lidmaatskap (RL) vir oorweging deur die korps of die korps kan aan die VV ‘n skrywe rig dat die lid as Rustende Lid aangewys word.
Die VV kan skriftelik by die bestuur aansoek doen indien ‘n begeerte ontstaan om weer as volwaardige lid te dien.

14.5 Rustende lid (RL):

Voorregte en pligte van ‘n RL:

1. Het geen verpligting om kajuitraadsvergaderings by te woon nie, maar is welkom by alle vergaderings.
2. Kry alle korrespondensie van die korps waaraan die RL behoort.
3. Ondersteun nougeset projekte van die korps.
4. Om as ambassadeur van die Vryburgers van Suid-Afrika op te tree.
5. Die RL mag:
   a. Waarskynlike applikante aanbeveel aan die bestuur van die korps.
6. Die RL mag nie:
   a. Op die bestuur van ‘n korps dien nie.
   b. verkies word as lid van dagbestuur nie.
7. Die RL mag slegs sy voorregte gebruik indien:
   a. Lidmaatskapgelde tot op datum betaal is aan die korps.
   b. Affiliasie gelde betaal is aan die Vryburgers van Suid-Afrika.
   c. Die RL die grondwet van die Vryburgers van Suid-Afrika onderskryf.

Hierdie is die laaste vlak van lidmaatskap. Die RL kan skriftelik by die bestuur aansoek doen indien ‘n begeerte ontstaan om weer as VL te dien.

14.6 Buitelid (BL):

'n Buitelid is 'n Vryburger wat reeds lid van 'n korps was, maar in 'n omgewing woon waar nie 'n Vryburger korps is nie.

Die BL affilieer by die naaste korps van die Vryburgers van Suid Afrika of by Dagbestuur indien in die buiteland woonagtig.

Die Buitelid het dieselfde voorregte en pligte as die rustende lid. Die BL hoef egter slegs korps aktiwiteite by te woon indien dit moontlik is.

Die BL kan skriftelik by die bestuur aansoek doen indien 'n begeerte ontstaan om weer as enige vlak van Vryburger lidmaatskap op te neem.

14.7 Vriend van die Vryburgers (VvV):

'n Vriend van die Vryburgers word aangewys deur 'n korps of dagbestuur. Die VvV word identifiseer as 'n persoon wat nie lidmaatskap kan aanvaar van die Vryburgers nie, maar wel 'n bydrae direk of indirek vir die Vryburgers maak.

Voorregte en Pligte van 'n VvV:

1. Word genooi na alle Vryburger projekte.
2. Ondersteun die korps deur diensbaar te wees by groot projekte.
3. Om as ambassadeur van die Vryburgers van Suid-Afrika op te tree.
4. Die VvV mag slegs sy voorregte gebruik indien:
   a. Die VvV genooi word deur die korps om diensbaar te wees by projekte.
   b. Die VvV 'n bydrae maak tot die Vryburgers se nasionale projek.

Die Vryburger korps kan besluit of die VvV genooi word na spesifieke vergaderings en of die VvV genader kan word vir Volwaardige lidmaatskap.

14.8 ERELID (EL) en Welwillendheids-Ambassadeurs:

Word aanbeveel deur 'n korps, maar goedgekeur deur dagbestuur.

Kriteria:

a. Die EL moet 'n openbare versinnebeelding wees van 'n Vryburger en gemaklik wees met die grondwet van Die Vryburger Diensorganisasie van Suid-Afrika.

b. Die EL moet die Vryburgers se beeld help uitbou en deur sy kontak met mense die beeld van die Vryburgers uitbou en die nasionale projek deur die EL se verwysingsraamwerk help uitbou.

'n Tipiese EL is 'n bekende akteur, kunstenaar, politikus, bekende sakeman ens.

15. WYSIGING VAN GRONDWET.

Hierdie Grondwet kan alleen gewysig word by wyse van 'n besluit geneem deur die Burgerraad by wyse van 'n twee derde meerderheid van stemme op 'n voorstel, skriftelik ingedien, ses weke voor sodanige Burgerraad, welke voorgestelde wysiging ingesluit moet wees by die sakelys, wat minstens een maand voor die bepaalde sitting, aan alle korpse van die Burgerraad versend word.

16. ONAFHANKLIKE BESTAAN.

16.1 Die Genootskap se inkomste en eiendom is nie verdeelbaar aan sy lede of ampsdraers nie, behalwe as redelike vergoeding vir dienste gelewer.

16.2 Die Genootskap is 'n afsonderlike, onafhanlike regspersoon met 'n eie identiteit en bestaan afsonderlik van sy lede en ampsdraers.

16.3 Die Genootskap sal voortbestaan nieteenstaande veranderings in die samestelling van sy lede of ampsdraers.

16.4 Lede of ampsdraers van die Genootskap het geen regte in die eiendom of enige bates van die organisasie bloot uit hoofde van hul lidmaatskap of ampte nie.

17. AANWENDING VAN INKOMSTE.

Die Genootskap sal gedurende 'n finansiële jaar minstens 75% (vyf en sewentig persent) van alle fondse ontvang by wyse van skenkings, borgskappe of fondsinsamelings aanwend ten opsigte van die bevordering van sy doelstellings.

18. ONTBINDING.

18.1 Die Genootskap kan ontbind word deur middel van ‘n besluit goedgekeur deur minstens twee derdes van sy lede op ‘n behoorlike gekonstitueerde ledevergadering.

18.2 By die ontbinding van die Genootskap sal enige oorblywende bates of fondse, nadat alle verpligtinge nagekom is, oorgedra word aan ‘n ander geregistreerde nie-winsgewende organisasie met soortgelyke doelstellings.

19. ONDERTEKENING.

Hierdie Grondwet van die Genootskap van Vryburgers van Suid-Afrika is goedgekeur en onderteken op die

_____ de dag van _____ 20_____ te _____ .

President: _____

Mnr. _____

Vise-President: _____

Mnr. _____

Skrywer: _____

Mnr. _____

Rentmeester: _____

Mnr. _____

Basuin: _____

Mnr. _____

Vaandrig: _____

Mnr. _____

Webmeester: _____

Mnr. _____